

Tema 2 DIE KERK as LIG

Skriflesing: Efes 5:1+2,:6-20

Dawid verwys na God in Ps 36:10 U is die bron van die lewe, deur U lig lewe ons.
Dat ons leef is van God, maar dit is slegs van waarde as ons God se heerlikheid laat skyn/weerkaats.
Die Ps beklemtoon keuses.

Jesus gebruik die beeldspraak:

- Joh 8: 12 Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld .
Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig van die lewe hê."
Joh 12:36 Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees.

OPROEP :

Sonder enige twyfel is die oproep vir al die gelowiges om 'n spesifieke soort lewe te lei.

- :7 in gehoorsaamheid aan God
- :8 in die Here is julle lig
- :15 met omsigtigheid, verstandig
- :16 maak die beste van elke geleentheid
- :17 in ooreenstemming met die Here se wil
- :18 **laat die Gees julle vervul**

OPDRAG :

Matt 5: 14-16 Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig aan almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik.

Vermaning:

Wees tog net wat jy bely/beweer/sê dat jy is.

1Joh 1:6+7 As ons beweër dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.

Jy kan nooit wegsteek waar jy staan voor God nie, dan verloën jy Hom klaar. Jy LIEG!!!

Sit net die **E vir Eie/ek voor G vir God** en LIG verander in LIEG.

Die **lig** neem ander in ag en affekteer ander en dit is "vir almal in die huis".

Gal 5:25 "Ons lewe deur die Gees: laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal".